
# OLOFF DIE SEEROWER

No. 13




Die lampe op die agterkasteel werp 'n dowwe gloed en wagte sal enige beweging daar dadelik opmerk. Op hul maag kruip hul langs die skot tot teen die kantreling. Hier klouter hulle oor en sak versigtig af totdat hulle net met die punte van hul vingers oor die rand van die dek hang. Voet vir voet skuif hulle na agter toe totdat hulle, nat van die sweet, die leer bereik. Behendig hang hulle daaraan, die een bo die ander, en trek hulle broeke uit. Hulle bind die klere in 'n bondel met hul lyfbande bo—op hul koppe vas. Dit sal nie deug om met nat klere gesien te word nie, want dit sal onmiddelik agterdog wek waar hulle andersins miskien geen aandag sal trek nie.

Stofomslag: Chris du Plooy

# OLOFF DIE SEEROWER

No. 13



# Hoofstuk 1

,,Is daar nog iets wat jy wil sê voordat vonnis oor jou uitgespreek word?'' Die skerp, droë stem sny deur die groot saal waarin daar doodse stilte heers. Daar is iets soos leedvermaak in die spreker se woorde—asof dit eintlik onnodig is, asof die vonnis reeds gevel is en niks wat verder gesê kan word, enigiets daaraan kan verander nie.

Die enkele sin weerklink dof teen die fyn uitgewerkte houtwerk van die gallerye wat langs die kante en agter teen die muur om strek. Die banke met die hoë leunings op die vloer van die saal is volgepak. Die menigte hou hulle asem in—daar heers spanning, maar dit is onseker—soos dié van 'n gehoor in 'n teater waar die opvoering die klimaks nader—'n hoogtepunt wat vooraf bekend is en wat 'n onbevredigende wrang smaak wek.

By 'n lang tafel voor in die saal sit vyf mans. Die een in die middel laat sy arms slap rus op die leunings van die stoel. Sy kop is agteroor teen die bekleedsel van die rugleuning wat soos die bollende seile van 'n skip troon. Deur half-geslote oë bo die skerp, krom neus en die fyn saamgeperste lippe loer hy na die man wat fier en regop oorkant die tafel staan.

Aan sy uitdrukking lei dit geen twyfel dat wat hom aanbetref die saak afgehandel is nie. Niks kan die vonnis verder beînvloed nie.

,,Daar is baie wat ek kan sê,'' antwoord admiraal Rynhardt te Hoogen, met 'n helder sterk stem. Maar sy jong, forse gelaat is effens verbitterd en sy oë toon bedruktheid en mismoedigheid asof hy moeg is na die lang verhoor. Sy stem gee dit nie weer nie, maar dit is duidelik dat ook hy besef dat 'n verdere poging tot verdediging hom niks sal baat nie. Tog praat hy met verset en vasberadenheid, want te deeglik besef hy die onregverdigheid van die houding wat teenoor hom ingeslaan word—hy voel dat verreweg die meeste van die aanwesiges by sy verhoor dit met hom eens is dat die beskuldigings teen hom nie gegrond kan wees nie. ,,Maar dit sal net 'n herhaling wees van wat reeds gesê is,'' vervolg die

jong admiraal van die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie. ,,Die man wat bekend gestaan het as Oloff die Seerower was my vriend. Hy was my vriend omdat hy deur sy dade sy vriendskap aan my bewys het. Daarom het ek geglo in sy onskuld en die verklaring van hoekom hy hom in Deelenbaai—die seerowernes aan die kus van Madagaskar—gevestig het. Hy. . .''

,,Te Hoogen,'' val die man in die hoë rugstoel hom in die rede, ,,wil jy die tyd van hierdie hof langer verkwis met sulke bewerings?''

,,U het my gevra of daar nog iets is wat ek wil sê,'' werp Te Hoogen skerp, en amper met ongeduld teë. Tegelykertyd is daar 'n amper ontevrede gebrom onder die toeskouers asof ook hulle die optrede teen hom onredelik vind.

Die dun lippe van Mijnheer Rheedert, voorsitter van die Here Sewentien, Raad van Direkteure van die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie, krul om die hoeke af en asof hy hom vir die steurnis vererg. Tog bedwing hy homself en met 'n ligte beweging van die vingers van sy linkerhand beduie hy dat Rynhardt mag voortgaan.

,,Oloff van Wagenaar se vader is deur seerowers vermoor. Oloff het die moordenaars opgespoor en gedood en hy het 'n eed geneem om nie te rus voordat hy die Indiese Oseaan van die euwel van die kaperbote skoon gevee het en Deelenbaai verwoes het nie. Om sy doel te bereik, het hy tussen hulle gaan woon sodat hy hulle bewegings kan agterkom en sodoende was hy in staat om menige handelsvaarder te red. Stelselmatig het hy die een kaperkaptein na die ander aangeval en die seerowermag knou na knou gegee. Dit was egter 'n langdurige proses.

,,Op 'n keer toe ek opdrag gehad het om met 'n vloot Oloff die Seerower op te spoor en in hegtenis te neem, het ek in seerowerhande geval. Toe het Oloff my te hulp gesnel en my lewe gered en dit is toe dat ek agtergekom het wie hy werklik is en wat sy doelwit in die lewe is. Ek het hom verhef tot kaptein van die Hollandse Vloot en dit is deur die Here Sewentien bevestig.''

,,Dit was bloot op jou woord, Te Hoogen!'' snou Rheedert hom





toe.

,,My woord was aanvaar,'' antwoord Rynhardt koel. ,,Daar het geen rede bestaan om dit in twyfel te trek nie. Daar was genoeg getuies.''

,,Oloff die Seerower was bekend as die rykste van hulle almal!'' val Rheedert hom skerp in die rede. ,,Getuienis kan gekoop word.''

Rynhardt te Hoogen antwoord nie dadelik nie. Hy word rooi van woede en dan verlaat die kleur sy gesig totdat hy doodsbleek, maar met 'n koue kalmte na die ander kyk.

,,Dit was nie die opinie toe ek my verslag ingedien het nie,'' is al wat hy sê.

,,Maar dit is in alle geval nou nie ter sprake nie,'' meen Rheedert kortaf. ,,Daardie rekords is verwyder en bestaan nie meer nie. Dit het niks. . .''

,,Dit het alles te doen met die motief vir my optrede,'' keer Rynhardt hom. ,,Dit is daarom dat ek gehoor gegee het toe Oloff met my in aanraking gekom het en my versoek het om saam met hom die finale slag te lewer wat, soos dan ook die geval was, die einde van Deelenbaai sou beteken het.''

Mijnheer Rheedert haal sy skouers liggies op. Hy skud sy kop asof hy te kenne wil gee dat die jong admiraal hom en die ander aanwesiges beledig deur vol te hou met sulke bewerings.

,,Dit is te verwagte, Te Hoogen,'' sê hy amper berispend, ,,dat jy ons sal wil herinner aan die feit dat daar destyds gerugte was dat Oloff die Seerower in werklikheid 'n edele diens probeer lewer en dat hy maar net 'n skaap in wolfskleed is. Natuurlik sal jy daardie argument probeer gebruik om die dade waarvan jy nou beskuldig word, te probeer regverdig. Jy erken openlik dat jy met die wreedste van alle skurke wat nog ooit die Indiese Oseaan betree het, saamgewerk het. Op jou eie dwase vertroue het jy jou hele vloot feitlik in sy genade gewerp.''

,,Deelenbaai is verwoes,'' antwoord Rynhardt eenvoudig, asof hy die teenoorgestelde met daardie feit wil bewys.

,,Dit weet ons!'' bulder Rheedert. ,,Was dit nie vir die optrede van kaptein Rheedert nie en die feit dat jy uiteindelik aan sy waarskuwings gehoor gegee het en sy raad en leiding aanvaar het nie, sou Deelenbaai vandag nog daar gewees het en was jy met jou ganse vloot vernietig.''

Rynhardt te Hoogen draai sy kop. Vir 'n paar oomblikke rus sy blik stil in dié van 'n jongman wat regs van hom in een van die getuiebanke teen die muur sit. Gerhard Rheedert, seun van die magtige direkteur, glimlag met 'n ligte trek van leedvermaak. Sy onderkaak en sy wange lyk pap en swaar vir sy gesig. Maar die selfversekerde uitdrukking in sy oë verleen aan hom 'n persoonlikheid wat andersins nie sou bestaan het nie.

Dan laat Rynhardt sy kop sak. Hy sê niks.

,,Die kapteins van jou vloot het almal hier getuig,'' vervolg Mijnheer Rheedert asof hy die saak nou vir die laaste keer stel, ,,dat jy hulle herhaaldelik in 'n lokval sou gelei het as dit nie was dat kaptein Rheedert jou afgeraai het nie. Dit is hy wat die uiteindelike slag op Deelenbaai beplan het en hyself het ons vertel hoe hy tussen Oloff se twee skepe ingevaar het en hulle vlak by die ingang van Deelenbaai laat sink het. Jy, Te Hoogen, het 'n verantwoordelike amp beklee. Jy was dit nie werd nie. Jy het jou plig versuim en die lewens van honderde amptenare van die Kompanjie met selfsugtige, roekelose doelbewustheid in gevaar gestel. Jou amp word jou dus ontneem. Jy word ontslaan uit die diens van die Kompanjie! Jy word versoek om jou geboorteland binne die volgende maand te verlaat en nooit weer hierheen terug te keer nie. Jy mag jou vestig in een van die kolonies of verversingsposte. Maar nooit sal jy weer tot ons diens toegelaat word nie. Jy kan jouself gelukkig ag dat die doodsvonnis nie oor jou uitgespreek is nie. Maar my seun, kaptein Gerhard Rheedert, het namens sy medeoffisiere by my gepleit dat jou getroue diens van die verlede in aanmerking geneem moet word en ook die feit dat Deelenbaai per slot van sake verwoes is en dat Oloff die Seerower met sy volle bemannings die diepte ingestuur is. Jy mag gaan, maar jou bewegings sal gevolg word totdat jy die land verlaat.''

Hy slaan met 'n hamer op die tafel en staan sonder meer op. Die vier mede-direkteure volg sy voorbeeld en hulle gaan by 'n deur in die agterste muur uit.

Daar is 'n opgewonde gebrom onder die toeskouers. Hulle praat egter gedemp asof hulle nog bewus is van hulle teenwoordigheid in hierdie gepaneelde saal waar die hoogste raad van die Kompanjie die wette neerlê en vonnisse vel. Baie van hulle kyk na die geboë hoof van Rynhardt te Hoogen waar hy alleen voor die lang tafel bly staan. Dit is asof sommige van hulle die begeerte voel om na hom te gaan en met hom te praat. Maar dan volg hulle die stroom by die groot deure uit.

Die offisiere in die getuiebank en die amptenare van die hof slenter geselsend deur die hekkie in die tralies wat die banke van die toeskouers van die voorste deel van die saal skei. Hulle vestig hul aandag doelbewus op mekaar asof hulle sodoende wil verhoed dat hulle Te Hoogen miskien in die oë kyk. By menige is daar die houding van iemand wat iets gedoen het waaroor hy nie gerus voel nie en meen dat hy dit van hom kan afskud deur bloot sy rug daarop te draai.

Maar een man, redelik bejaard en in kapteinsuniform geklee, stap reguit op Rynhardt te Hoogen af. Hy plaas sy sterk, kragtige hand op die skouer van die jong man en druk dit liggie.

,,Dit kon erger gewees het, Rynhardt,'' sê Stefaan Wiehahn gedemp en toe Rynhardt die onderliggende woede in die woorde hoor, kyk hy vinnig na sy vriend—die enigste van die kapteins van sy vloot wat gedurende hierdie verhoor ten minste probeer het om hom, Rynhardt, te verdedig.

,,Ek weet, Stefaan,'' antwoord hy amper lusteloos. ,,Dit kon wel die dood gewees het.''

,,Daar is iemand anders wat ek graag self wil doodmaak!'' sis Stefaan deur sy tande. ,,Die vermetelheid van die vent. Na alles wat hy gedoen het, probeer hy nou nog die groothartige, edel mens ook word—kastig gepleit vir versagting van jou vonnis. Ek sê jou,

Rynhardt, as ek daardie lae klein niksnut ooit iewers alleen raakloop, skeur ek hom stukkie vir stukkie uitmekaar!''

,,Wat sal dit jou tog baat, Stefaan?'' werp Rynhardt teë. ,,Daar is niks wat ons aan die saak kan doen nie. Ek kon hom nie eens beskuldig van die feit dat hy ons keer op keer verraai het nie; sy vader se invloed is te groot. As ek dit prober doen het, sou ek inderdaad die doodsvonnis gekry het—en jy ook, as jy my ondersteun het.''

,,Dit maak nie saak nie,'' sê Stefaan met vuur. ,,Ek gaan die saak nie hier laat rus nie. Ek het 'n paar keer gedurende die verhoor die geleentheid gehad om mense daaroor te hoor gesels. Daar is baie wat glad nie met hierdie toedrag van sake saamstem nie. Die dinge wat jy gesê het, klink oortuigend, Rynhardt. Ek weet dat jou verdediging in duie gestort het omdat jy nie in staat was om jou vinger op te tel en op daardie vervloekte Gerhard Rheedert te rig nie. Maar daar is baie mense wat graag die volle waarheid sal wil hoor.'' Stefaan neem Rynhardt aan die arm en lei hom in die paadjie tussen die hoë banke af. Die saal is reeds amper leeg en daar is nog net 'n paar mense wat druk om by die deur uit te kom. ,,Ek gaan 'n petisie opstel, Rynhardt. Ek gaan weer 'n keer met die ander kapteins gesels. Ek gaan elke offisier nader, van die stuurman tot die kombuisjongens. Ek gaan so veel handtekeninge as moontlik kry en dan sal ek na 'n paar invloedryke mense gaan en die saak voor hulle lê. Al duur dit 'n leeftyd, sal ek sorg dat Gerhard Rheedert sy verdiende loon kry!''

,,Nee, Stefaan.'' Rynhardt skud sy kop weemoedig. Daar is 'n sagte glimlag om sy lippe omdat hierdie uiting van vriendskap hom diep raak. ,,Jy het jou werk om te doen. Vind hulle uit dat jy jou met sulke dinge besig hou, sal dit heel waarskynlik net jóú ontslag ook beteken.''

,,En is hulle dalk die enigste werkgewers in die wêreld?'' snou Stefaan terug. ,,Ek sê jou, ek gaan dit doen, Rynhardt. Niks sal my keer nie. Ek. . .'' Hy hou skielik op met praat en Rynhardt kyk vinnig na hom om te sien wat die rede is. Stefaan Wiehahn se





uitdrukking het versag en Rynhardt volg die rigting waarin hy glimlag.

Net binnekant die deur waar die laaste mense pas uitgegaan het, staan 'n jong meisie. Haar donker oë is sag en warm en angstig op Rynhardt gerig. Haar vol lippe bewe in 'n glimlag, maar die bleekheid van haar gelaat en die fyn trek van lyding om haar mond, getuig dat 'n groot terugslag haar in die lewe getref het. Met uitgestrekte hande kom Rynette du Bois Rynhardt tegemoet.

,,Dan het jy vir my gewag, Rynhardt?'' sê Rynhardt amper verbaas toe hy haar hande neem.

,,Natuurlik,'' antwoord sy en kyk vol in sy oë. ,,Het jy verwag dat ek ook saam met die ander druipstertend sou uitsluip.''

Hy glimlag amper opgewek, druk haar hande en hou daarna een van hulle vas.

,,Is dit wat hulle gedoen het?'' vra hy.

,,Wat anders?'' sê sy amper driftig. ,,Nadat hulle soos medepligtiges sit en aanskou het watter onreg jou aangedoen word!'' Dan lag sy. ,,Maar jy is vry, Rynhardt. Kom ons stap saam uit in die sonlig. Die wêreld is groot.''

,,Nee,'' keer hy haar. ,,Kom ons staan eers 'n rukkie hier binne. Ek sal verkies om nie 'n klomp betuigings van medelye te moet aanhoor nie. Laat die mense eers uitmekaar gaan. Baie van hulle sal seker hier buite op die plein staan en gesels.''

,,En daar sal baie van hulle wees wat dit heeltemal opreg bedoel wanneer hulle jou hand druk, Rynhardt,'' sê Stefaan met oortuiging.

,,Dit maak nie saak nie. Ons wag 'n rukkie. Ek wil in alle geval met Rynette gesels; ek het haar nie gesien sedert die begin van die verhoor nie.''

Rynette lag. Sy skud haar kop.

,,Twee dae lank,'' antwoord sy en dan is sy weer ernstig. ,,Maar, Rynhardt, waarom het jy toegelaat dat Gerhard Rheedert sulke leuens vertel? Jy weet tog—ons weet almal—hoe hy met die Deelenbaaiers saamgekonkel het net om te probeer bewys dat

Oloff wel 'n seerower is en om jou in die moeilikheid te laat beland.''

,,Dit is wat ek sê,'' begin Stefaan vurig. ,,Ek gaan hierdie besigheid nie sommerso. . .''

,,Wag nou, Stefaan,'' keer Rynhardt weer. ,,Daar was niks wat ek kon doen nie, Rynette. Jy het gehoor in watter lig my bewerings omtrent Oloff se onskuld beskou is. Natuurlik sou ek dit sê. Hoe kan ek dan anders my eie onskuld bewys. Enigiets wat ek gesê het, sou bloot aanvaar word as 'n poging om my misdade skoon te was. As ek Gerhard beskuldig het, sou hulle my uitgelag het. Hulle sou dit beskou het as 'n wanhoopspoging om die blaam op 'n ander te plaas en Gerhard se vader is een van die magtigste manne in die land. Dit sou my in alle geval niks gebaat het nie. Die ander kapteins is te bang vir hul vel en hul betrekkings. Hulle sou Gerhard Rheedert in enige storie ondersteun het.''

,,Maar dat hy darem kon sê dat hý Oloff se twee skepe, die Seewraak en die Jansje Meer laat sink het!'' roep Rynette verontwaardig uit. ,,Jy het self vir my vertel dat Oloff se skepe daar tussen die seerowervloot was en dat hulle op die kapers losgebrand het totdat hulle self uiteindelik die dieptes ingestuur is.

Rynhardt haal sy skouers op. Hy kyk vinnig weg toe Rynette haar oë knip en hy 'n traan oor haar wang sien rol. Hy dink terug aan daardie nag toe hy met die Hollandse vloot Deelenbaai ingevaar het. Hulle was onbewus van die feit dat hulle in 'n lokval gelei is, en onderwyl hulle gemeen het dat die feite en batterye van Deelenbaai onbeman sou wees en dat die kaperbote almal ver in die noorde was, was die teenoorgestelde in werklikheid die geval. Skielik het die grofgeskut van alle kante op hulle losgetrek. Kort daarna het hulle die kapervloot by die ingang van die hawe gesien en het hulle besef dat hulle verlore was. Op daardie stadium het nòg Rynhardt nòg Rynette geweet waar Oloff was. Selfs húlle het toe gemeen dat hy teen hulle gedraai het omdat hy maar altyd werklik 'n seerower was.

En toe skielik het die gebulder van die kanonne gestaak. Rynhardt het sy skepe omgeswaai om weerstand teen die kapervloot te bied, maar selfs dit was skaars nodig. Hy kon die statige gestaltes van Oloff se twee pragskepe buite die hawe dofweg onderskei in die rooi gloed van die kruitvlamme. Die Seewraak en die Jansje Meer het in die middel van die seerowervloot gelê en na weerskante op die kapers gevuur. Toe hy en sy vloot die toneel bereik, was Oloff se skepe nie meer daar nie en het dit maar 'n rukkie geduur om die paar oorblywende kapers te kerker.

Later daardie nag het Rynhardt 'n vriend van Gerhard Rheedert, Pieter van Dijk, in Deelenbaai se tronk opgesluit gevind. Pieter het vertel hoe Gerhard met die Admiraal van Deelenbaai gekonkel het: hy sou Oloff aan die Deelenbaaiers uitlewer vir 'n deel van Oloff se reuse fortuin. Maar hierdie inligting kon Rynhardt nie vir sy verdediging tydens die verhoor gebruik nie. Niemand sou hom geglo het nie en die kapteins van sy vloot het hom nie ondersteun nie.

Dit was Rynhardt wat die nuus van Oloff se dood aan Rynette oorgedra het—Rynette du Bois, die dogter van 'n edelman wat saam met haar vader in seerowerhande geval het en wat deur Oloff gered is. Sy wat onder sulke eienaardige omstandighede met Oloff getroud is, maar wat nog nie vir 'n dag in die huwelik saam met hom geleef het nie. Tog het Rynhardt geweet hoe inniglik sy Oloff bemin en sy hart het na haar uitgegaan. Omdat Oloff nie meer daar was nie, het sy haar tot Rynhardt gekeer. Saam het hulle teruggekeer na Holland waar Rynhardt skaars 'n week later van hoogverraad beskuldig is.

Nou skud hy sy kop. Hy kyk voor hom op die grond.

,,Gerhard se skip was daardie nag 'n entjie voor myne,'' sê hy asof dit nie veel saak maak nie. ,,Dit was donker. Die ander kapteins glo miskien dat Gerhard wel eerste tussen die kapers ingevaar het. As hy dan beweer dat hy daarvoor verantwoordelik was dat die Seewraak en die Jansje Meer gekerker is, wat sal dit tog help om hom te weerspreek? Oloff het sy doel bereik—Deelenbaai is verwoes. Wat is ons lewens tog werd in vergelyking met 'n reuse taak soos daardie? Laat ons liewer bly wees dat ons nog lewe en